

WEES VERSIGTIG

wanneer teelramme
INTENSIEF
gevoer word

■ DEUR EWIE COETZEE (PR.SCI.NAT.)

Fotos geneem deur Kerry Ross.

A photograph of a herd of sheep in a field during sunset. The sheep are in the foreground, with some looking towards the camera. The background is a blurred landscape with trees and hills under a warm, golden light.

Ramme, en veral ramvrugbaarheid, speel 'n 'n reuse-rol in die sukses van enige skaapboerdery, hetsy kommersieel of stoet. Sowel die gesondheid as die vrugbaarheid van ramme word grootliks beïnvloed deur korrekte voeding dwarsdeur die jaar. 'n Veeboer wat geld belê in die aankoop van 'n ram wil weet dat hierdie dier nie net optimaal vrugbaar en dekbeendig is nie, maar dat hy ook die vermoë het om onder ekstensiewe toestande suksesvol te kan werk. Ramme moet dus die vermoë hê om veldweiding en ander ruvoer effektief te benut om liggaamskondisie te kan handhaaf en ook vrugbaar en gesond te kan bly. Hiervoor het die ram 'n funksionele en doeltreffende grootpens (rumen) en spysverteringstelsel nodig.

Nodige oorleg

Boere wat ramme te koop aanbied, wil uiteraard die beste pryse moontlik vir die ramme realiseer. Die kondisie van die ram speel 'n belangrike rol in die prys, aangesien diere in 'n goeie kondisie die beste pryse behaal. Dit is dus algemene praktyk vir boere om ramme wat verkoop gaan word, meer intensief met kragvoeraanvullings uit te groei en/of voor te berei vir verkoop ten einde kondisie te optimaliseer en om die beste prys te verkry. Dit is belangrik vir boere om te besef dat hierdie praktyk met die nodige oorleg toegepas moet word ten einde moontlike nadelige effekte te voorkom.

Veranderende rumen-omgewing

Vir die boer om te weet watter nadele die proses inhou, moet ons kyk na wat met die rumen en sy rumen gebeur wanneer hy oorbeweeg van 'n ruvoer- na 'n kragvoergebaserde rantsoen. Die grootpens van diere op ruvoer bevat 'n mikrobiële populasie in die rumen wat spesifiek saamgestel is om vesel te kan verteer.



Hierdie mikrobies is nie in staat om groot hoeveelhede stysel (in grane) te benut nie.

Wanneer diere dus kragvoer begin inneem, moet die rumenmikrobe-populasie aanpas in samestelling deurdat baie veselverteerders afsterf en meer styselverteerders ontwikkel. Dit kan tot 21 dae neem vir hierdie oorgangsproses. Indien die dier nie geleidelik oorgeskakel word nie (dit word aanpassing genoem), word 'n oormaat ongewenste vlugtige vetsure (veral melksuur) deur die mikrobies in die grootpens geproduseer, wat die pH van die pens laat daal tot onder 5,8. Die dier het nou suurpens en dit het verskeie nadelige gevolge oor die kort en lang termyn.

Rumenbeskadiging

Die rumen-binnewand word beskadig deur die oormaat suur wat dit vatbaar maak vir bakteriële infeksies. Indien diere vir lang tydperke sub-akute suurpens ondervind, kan hierdie beskadiging permanent wees. Dit lei weer tot swakker opname van vetsure (wat die hoofbron van energie vir herkouers is) deur die rumenwand. "Slegte" rumenmikrobies kan ook ongehinderd deur die beskadigde rumenwand na die bloedstroom beweeg, wat weer lei tot lewerabsesse asook verhoogde vatbaarheid vir longontsteking en nierinfeksies. Ruvoerverteerders wat op groot skaal afsterf, stel ook 'n endotoksien vry wat skadelik is vir die dier.

Langtermyn-gevolge

Die laer spysverteringskanaal (dunderm) se wand kan ook beskadig raak deur die vlugtige vetsure wat daarin afbeweeg. 'n Verdere probleem, wat letterlik maande later eers kan manifesteer, is laminitis en hoefprobleme. Dit word veroorsaak deurdat die liggaam verhoogde vlakke van histamien afskei ten einde inflammasie van die wand van die

spysverteringskanaal teen te werk. Ramme kan ook 'n vitamien B1-tekort ontwikkel, wat 'n baie belangrike rol in breinfunksie speel. 'n Oormaat suur in die bloed lei tot verlaagde bloed-pH, wat die vrugbaarheid en immunititeit van ramme kan benadeel.

Deeglike aanpassing

Die sleutelfaktor ten einde hierdie probleme te vermy, is om die ramme wat nie aan kragvoeraanvullings gewoond is nie, geleidelik aan te pas op hierdie aanvullings. Die aanpassing behoort oor 'n tydperk van ten minste 14 dae te geskied. Ramme behoort tydens aanpassing, asook tydens die res van die periode waarin hulle kragvoer ontvang, deurentyd onbeperkte toegang tot 'n bron van lang ruvoer (hooi of strooi) te hê.

'n Program wat baie goed werk, is om te begin met 150 gram kragvoer per ram op dag een, en dit elke tweede dag met 'n verdere 150 gram te verhoog. Daar moet met hierdie program volgehou word totdat daar vir twee agtereenvolgende dae met die volgende voeding steeds kragvoer in die bakke oorbly. Die ekstra ruvoer moet nie verwyder word ná aanpassing nie, dit speel 'n belangrike rol om die rumen te onderhou. Dit is veral baie belangrik in gevalle waar die kragvoer in pilvorm voorsien word, waar die ruvoer wat daarin voorkom fyner gemaal is en nie die rumenwerking effektief kan onderhou nie.

Sorgvuldige voersamestelling

Dit is ook van groot belang dat die kragvoeraanvulling korrek saamgestel is. Alle voedingstowwe, insluitende energie, vesel, proteïene, deurvloeiproteïene, minerale en vitamien moet teen die korrekte vlakke, en in die regte balans, daarin voorsien word. Wat die samestelling van die kragvoer betref,

moet vele fasette in ag geneem word, onder andere spermkwaliteit, skrotum-omtrek en voorkoming van oorvetheid. Maak dus van 'n voedingkundige se hulp gebruik wanneer sulke voere saamgestel word. Die insluiting van 'n gepaste buffer behoort ook in hierdie voere oorweeg te word. 'n Buffer verhoed dat die rumen-pH te skerp daal ná inname van kragvoer, wat help om die rumen te beskerm.

Blaassteenprobleme

Ramme wat hoë vlakke van kragvoer ontvang, is ook vatbaar om sogenaamde blaasstene te ontwikkel, wat die ureter kan verstop en tot onvrugbaarheid of pynlike vrektes kan lei. Die vorming van blaasstene kan verhoed word deur die korrekte mineralebalans in die kragvoer te hê, met veral die kalsium-, fosfaat- en magnesiumvlakke en verhoudings wat baie belangrik is. Daar moet meestal ook sogenaamde ammoniumsoute, byvoorbeeld ammoniumchloried en ammoniumsulfaat, in die voer bygevoeg word. Hierdie bymiddels verlaag die pH van die urine, wat die vorming van minerale stene effektief voorkom. Raadpleeg 'n voedingkundige vir hulp in hierdie verband.

Vermyn die slaggate

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat ramme wat onderwerp word aan groot hoeveelhede kragvoer, of swak aangepas word by die kragvoer, 'n groot kans het om vir die res van hulle lewe minder doeltreffend te wees onder ekstensiewe omstandighede, wat weer 'n negatiewe ekonomiese impak op die boerderyvertakking kan hê. Deur ramme geleidelik op hoë aanvullings van kragvoer aan te pas en aanvullings korrek saam te stel, kan hierdie slaggate effektief vermy word en kan funksioneel doeltreffende ramme geproduseer word. 